SUNRIDGE VANDAG — SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

18 June 2020

Dear Parents

The only way we will be able to fit our learners in with the "new normal" is to work together. It takes only one person to ignore our kind requests and not to comply to make it difficult for all of us. It is now up to all parents to work with us so that we can get 2020 back on track.

We have planned carefully to manage the return to school within the health and safety policy. Unfortunately, we cannot tolerate those who put the lives of others in danger, take up our time and energy or steal our joy. Harsh words but true. Allowing children back places a huge responsibility on all of us.

I have delegated, with full authority, certain functions and require compliance with accountability - these are not negotiable.

The return schedule falls under the management of Mr Janse van Rensburg with support from Dr Noeth and Mrs Saayman. Curriculum delivery by teachers falls under Dr Noeth for Grade 4 - 7 and under Mrs Saayman for Grade 1 - 3.

Entrance to the premises falls under Mr Vermaak and his team while health and safety compliance will be managed by Mrs Gardner. Mr Barnard will deal with all resources and logistical matters and Mrs Dearden with any request for visits. Visits will, however, only be for essential services.
All hands on deck is the motto and for that all staff are required to do work outside the normal.

<u>Resources</u>
Following the progress of the return to school we should all realize that changes and sacrifices will need to be made. We have to accommodate 1050 learners and get them back to school on alternate days. Each learner's academic year is as important as the next. The Grade 7's have fitted in easily and comfortably due to an empty school. They must be at school five days a week while we get all other learners back as best we can. The return of Grade 7's took 13 classes and 17 teachers. The returning of the other grades needs a balance of resources.

Within Health and Safety Policies and as recommended by the Department we can comply with learners in the hall or Gymnasium which is actually able to double the amount while complying with the 1,5meter social distancing whilst also complying with the maximum of 50 in any venue.

Some learners will be required to walk further than others as it is not possible to enter as in the past. Some Grade 6 learners will walk 1640 steps to get to class while Grade 7's crossing the rugby fields only walk 820 steps. This is all part of the sacrifices, some learners who travel by bus walk 2 kilometers just to get to school.

This also supports our human resources as we can now use fewer teachers to teach Grade 7 so as to allow the others to teach their grades on their return. We are looking forward to welcoming everyone back, a huge and effort and many sacrifices have been made by staff; evacuating their classes, packing up over the past 10 days and moving furniture and equipment to create space. This is all part of a day's work.

Every desk, table and chair has been and will washed with Jik (250ml per 20liter water) every day after use. Likewise every classroom has been and will be disinfected with foggers and spray equipment every day after use. We use F10 super concentrate disinfectant and the safety data sheet is available on request.

The same rules apply for all bathrooms: they have all been disinfected. We also make provision that after every use the specific toilet, urinal and basin will be cleaned. That is service beyond the new normal and bathroom ethics and respect for those who clean and monitor is expected.

This is a huge undertaking and again we are over complying to ensure we do the best we can for our learners and staff.

<u>Ready for action</u>
The Grade 7's have been through the drill for us and were able to take tips from them. They are our STARS and have gained my respect for their absolute respectful attitude. They are supportive and helpful.
We recommend civvies: ensure warm clothing, closed shoes only, no sandals or slip slops will be allowed. Masks at all times - your class teacher will communicate other rules. The school will give each child three masks. We have enough sanitizer, paper towels, toilet paper, water and soap available but recommend the following:

- At least 4 reusable masks per day, swop them every 1 and a half hours. This will help with breathing.
- Two Ziploc bags, one for clean masks and one for used masks.
- A visor to cover nose and mouth helps when the child need a break from the mask.
- Own hand sanitizer to use at the desk – to be used after touching mask, etc.
- Own paper towel and toilet paper supports safety even more.
- Enough water to drink as it's important to take more fluids in.

Getting learners into school on a rainy day will be a challenge. Grade 7's came up with a poncho idea for a rainy day - we have bought 700 at R20 each. These will be available at school for the same price. Please ask your class teacher and make sure your child has R20 - at the request of parents we also have masks you can buy for R25 each, this includes three filters.

The first and most important skill will be to practice how to get in and out of a vehicle quickly and safely. No running please. With your child's bag already on their back or able to put it on quickly without mum or dad getting out of the vehicle. Everything in one bag as far as possible. <u>Hands free is the key.</u> Move to the side walk, keep your social distance (red lines and red bricks are there to help) and go to your gate immediately while adhering to the social distance rule (monitors will be on duty outside).

Entry will be fast and learners must follow their colour code markers (painted pavers). Parents should drop off and go immediately, take the first exit (street) to your right. No parking around the school, next to the school fence between 07:15 and 08:00. Only the staff's vehicles will be parked on the East side of the school (between the main gate and gate 13)

We request all parents to honour a "virtual" one way around the school from 07:15 to 08:00. This will help everyone. "Get out of the way" is vital, no more parking, chatting and long good byes as this causes traffic issues, please help us. You are not allowed to walk with your child to the gate as this will prevent social distancing.

A map is included , it shows you the way to get to school, drop off and go. Plan your route according to our request as your cooperation will support everyone. This is the time to work together, honour requests and be part of the solution and not the problem.

Sanitizing of shoes, hands and temperature scanning will take place en route to class daily. Your child's class teacher will be waiting for them in class and they will be allocated a specific desk for the day.

We have a "Cool Off" area and should a child need to go home, we will call you. Please do not send your child to school if he or she is sick. With sick we mean any form of flu, any cough, sneezing, body aches, stomach bugs, red eyes - rather safe than sorry.

Eight entrances, with guide markers (painted pavers) are allocated for each grade. Only learners allocated to a gate may enter at the specific gate. Each child will firstly be checked and marked on the list while declaring all clear on the questions. This was one of the two problems with a few Grade 7's. All clear means all clear, if your child was sick during the night, keep them at home.

Parents need to take responsibility. If your child is not healthy rather keep them at home until all clear as it puts the safety of all at risk. Ignorance is not an excuse, please support us. The day's work will be available on the InTouch Portal after school.

Very Important

We always turn right into Tulip or Lily (around the school) and take the first right out as well. That will ease traffic as you will be out of the way ASAP. More than one child, no problem, you always drop the youngest one off first, then drive to the next child's gate until all are dropped off, then take the first right out. Please do not drive clockwise around the school. Make sure you drive the shortest possible route to drop your child off. You need to spend as little time as possible in the streets around the school. Please help us, we do not want to point people out and to ask the authorities to step in. This is now about the safety of our learners.

Due to markers all around the school you do not need to drop your child off at the gate. More than 50 markers are available left or right from each gate. With quick access at the gate we do not foresee any issues if we work together.

- Grade 1 is Red and they use gate 3
- Grade 2 is Blue and they use gate 2
- Grade 3 is Black and they use gate 14
- Grade 4 is White and they use gate 10A
- Grade 5 is Green and they use gate 8
- Grade 6 is Yellow and they use gate 6
- Grade 7 is Brown and they use gate 11A

Following the pavers in your colour will lead each grade to a specific entrance of the building.

Drop Off and go only!

You may drop your child off from 07:15 to 08:00 near the allocated gate. It is with this in mind, as well as for entrances and classrooms, that we worked out a detailed traffic plan. Should parents follow and stick to this it will ease traffic and support your child. It might be required of you to change your normal route, it is in the best interest of all. It might sound militaristic, but it's the only way to support a reliable and easy access for all.

We have worked out traffic plans to ensure easy and safe access - taking all into account this will allow us to get our learners into the class quickly and safely . There are painted red lines around the school, 1,5 meter apart on the pavement as well as red bricks, 1,5 meter apart where there is no pavement. This is to create a safe side walk all around the school. The 1,5-meter social distance rule will always apply and your child must just follow the red bricks or lines to the gate. Then follow your Grade colour bricks.

Grade 1 - 3 have been allocated their old classes as well as the use of two Grade 7 classes and the computer rooms to be able to deal with 50% of learners so as to comply with health and safety regulations. Grade 4 - 6 need 2 more classes per grade to be able to comply. With the other Grade 7 classes and Lab available we will manage to comply 100%.

Learners will be divided into new classes and might find a new teacher for the day. This is all part of the 'new' normal.

Grade 7's will be at school 5 days a week as we need to get them ready for High School. The Hall, Music class, Strelitzia and Gymnasium have been set up especially for them.

Grade 1 - 6 will return on alternate days. Each learner will be allocated a specific day to attend school. Your child's name will be on a list and only learners on the list will be allowed to enter on the specific day at the allocated gate.

Pick up and go!

We will use the same gate we enter to go home. Rather park in the streets not next to the school fence or on the opposite side of the school fence. Be patient, tolerant and supportive please. You may not stand and wait on the side walk with the red lines or at the bricks. This is allocated for the learners.

We will stagger home time to support traffic as this will be even more difficult. We allow 15 minutes and will evaluate the progress during the first week. Parking from gate 2 to 4 is not allowed. We need the side walk to be clear so that learners can use it. From gate 4 to 13 we request that parking should be 1,5 meters from the palisade fence to allow children to move from red brick to red brick.

Learners will move to the outside and wait on the red lines or bricks to be picked up. Stop next to your child, he or she needs to get in the vehicle on his/her own. Using the left side door of your vehicle. You then drive to the first street on your right and exit OR to the next pick up point. Let your child shift to the other side of the vehicle to support the next pick up to also be on the left side. Should you park on the right side of the road, please do so safely.

End of day

- Grade 1 - 12:45
- Grade 2 - 13:00
- Grade 3 - 13:15
- Grade 4 - 7 at 13:30 – we allow 30 minutes

All teaching staff leave the school 15 minutes after the children so that cleaning can commence.

Office staff leave at 14:00 for the same purpose. Please note that for the washing of desks, fogging, cleaning of toilets and fogging our cleaning staff need at least 4 hours. Teaching and office staff clean and disinfect their own table and chair daily as well as with the changing of educators during lessons. No child will change classes.

Grade 7

Your colour is Brown

Grade 7 Afrikaans will use gate 16

Grade 7 English will use gate 11A

Grade 6
Your colour is Yellow
You will use gate 6

Grade 5
Your colour is Green
You will use gate 8

Grade 4
Your colour is White
You will use gate 10A

Grade 3
Your colour is Black
You will use gate 14

Grade 2
Your colour is Blue
You will use gate 2

Grade 1
Your colour is Red
You will use gate 3

We all need to comply to ensure the smooth and safe return to school. Please practice with your child moving from red line to red line OR paver to paver. There may never be two people at one paver or line at any time.

We will not allow any parent on our premises and no visits to the school without a prior appointment, our instructions are also to minimize visits to what is essential. You cannot drop off anything left at home or come to the office to pick your child up early. For any appointments made during school hours, (dentist, doctor, etc.) your child must be kept home for the day. We prefer communication via email, during school hours all staff will be unavailable.

You cannot change the day your child is scheduled for school. If you miss the day, you have missed it. We only prepare for the learners on our list. We cannot chop and change either.

All our staff are now working full time with no staff available to stand in. Keeping staff healthy and safe has become an essential priority. Should we therefore encounter any staff member who has been compromised then that class will be required to stay at home for the day. We will communicate ASAP.

The Future of Teaching and COVID-19
We will possibly be required to deal with issues of parents, staff and learners who have been in contact with or tested positive. We will deal with this according to procedure and inform parents like wise. This might lead to a class, grade or teacher having to go into self-isolation or the school to close. We will deal with it and it is not a big deal. No stigma or badmouthing, it is a given that it will happen but by working together we can minimize it and the risk can be low. It is for this purpose that we all need to be honest, inform the school ASAP by sending a mail to info@sunridge.co.za Keep your child home with any illness however small it might be. This is to minimize the risk.

There will be remote education for those who have obtained permission from the Department, through the school. This will, however, be second on our priority list from 6 July 2020 as class education for 80% to 90% will resume. The day to day work will be on the InTouch Portal and we will serve learners as best we can with remote education. It will, however, not be on the same level as during lockdown

It is impossible to run both equally as staff will be back in class having to teach two day's work in one day, every day. The pressure is on our staff and to have all learners back every second day is an undertaking in itself.

Should the school have to close we will continue with remote education for all until we can open again. This is also fact we could face and will work through it. We will deal with COVID-19 according to protocols, as advised by the Departments of Health and Education.

The School Governing Body is not only supportive but also ready to make decisions in the best interest of our school. I need to thank them for their continuous support. To our staff, thank you for walking the extra mile, for your understanding, support and hard work.

I pray for each family to be safe, for our children and their future, for our school to commence and for our teachers with the task ahead.

Welcome back to 2020 with a difference

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal

TAVCOR
SUZUKI

RABIE TRUST

MasterCard VISA




Follow us on
FACEBOOK!
Like
Facebook

Geagte Ouers

Die enigste manier om al ons leerlinge te akkommodeer onder die "nuwe normale" omstandighede is deur samewerking. Dis net nodig vir een persoon om ons vriendelike versoeke te ignoreer en nie die reëls na te kom nie om dit vir ons almal moeilik te maak. Ons het nou alle ouers se samewerking nodig sodat ons 2020 weer op dreef kan kry.

Ons het uiters sorgvuldig beplan om die terugkeer skool toe binne die gesondheids- en veiligheidsbeleid te bestuur. Ongelukkig kan ons nie toelaat dat mense wat ander se lewens in gevaar stel, ons tyd en energie verkwis of ons van ons vreugde beroof nie. Kwaai woorde, maar waar. Die terugkeer van die kinders plaas 'n groot verantwoordelikheid op almal en dit verg vertroue.

Ek moes sekere aangeleenthede met volle gesag delegeer en die nakoming van die reëls met verantwoordbaarheid is nie onderhandelbaar nie.
Die terugkeerprogram word deur mnr. Janse van Rensburg, in samewerking met dr. Noeth en mev. Saayman, bestuur. Leerplanaanbieding deur onderwysers is onder beheer van dr. Noeth vir Gr 4 tot 7 en mev. Saayman vir Gr 1 tot 3.

Toegang tot die terrein is die verantwoordelikheid van mnr. Vermaak en sy span, terwyl mev. Gardner in beheer is van die nakoming van gesondheids- en veiligheidsregulasies. Mnr. Barnard is verantwoordelik vir alle bronne en logistieke aangeleenthede en mev. Dearden hanteer enige versoeke om die skool te besoek. Besoeke word egter tot noodsaaklike dienste beperk.

Ons moet almal saamstaan en dit is nodig vir alle personeel om buite die normaal te werk.

Bronne

Met die verloop van die terugkeer skool toe, moet ons almal onthou dat verandering en opofferings aan die orde van die dag is. Ons moet 1050 leerlinge bedien en hulle op alternatiewe dae skool toe bring, want die akademiese jaar van alle leerlinge is ewe belangrik. Dit is maklik om die Gr 7's te bedien, want die skool is leeg. Gr 7 moet vyf dae per week skool gaan, terwyl die ander leerlinge na die beste van ons vermoë geakkommodeer moet word. Ons het 13 klasse en 17 onderwysers vir Gr 7 gebruik, terwyl die terugkeer van ander grade 'n balans van bronne sal vereis.

Binne die Gesondheids- en Veiligheidsbeleid en soos deur die Departement aanbeveel, kan ons leerlinge in die saal of gimnasium huisves, waar die 1,5 m sosiale afstand gehandhaaf kan word, terwyl ons ook moet voldoen aan die vereiste van maksimum 50 persone in enige lokaal.

Sommige leerlinge sal verder as ander moet stap, aangesien ons ander hekke as in die verlede sal moet gebruik. Sommige Gr 6-leerlinge sal 1640 treë tot by die klas nodig hê, terwyl Gr 7 slegs 820 treë oor die rugbyveld hoef te stap. Dit is alles deel van die opoffering – onthou sommige leerlinge wat bus ry skool toe, stap 2 km om by die skool uit te kom.

Dit help ook met menslike hulpbronne, want ons het nou minder onderwysers vir Gr 7 nodig en hulle kan ingespan word wanneer die ander grade terugkeer. Ons is opgewonde om almal terug te verwelkom, dit was 'n reusepoging deur personeel en talle opofferings moes gedurende die afgelope 10 dae gemaak word, klasse moes ontruim word, materiaal moes ingepak word, meubels en toerusting is geskuif om ruimte te skep – dit was alles deel van die dagtaak.

Elke lessenaar, tafel en stoel word elke dag ná gebruik met Jik (250 ml per 20 liter water) gewas. Dit is reeds gedoen. Die klaskamers word elke dag ná gebruik met stoom- en spuittoerusting ontsmet. Dit is ook reeds gedoen. Ons gebruik F10 superkonsentraat-ontsmetmiddel en die veiligheidsbesonderhede is op versoek beskikbaar.

Dieselfde reëls geld vir alle badkamers; almal word ontsmet. Ons maak ook voorsiening daarvoor dat elke spesifieke toilet, wasbak en urinaal ná gebruik ontsmet word. Hierdie diens is ver bo die nuwe normaal en badkamer-etiek en ons verwag respek vir elkeen wat in hierdie verband ontsmet en monitor.

Hierdie is 'n enorme onderneming en ons loop die ekstra myl om die beste vir ons leerlinge en personeel te verseker.

Slaggereed

Die Gr 7's het die pas aangegee en ons kan gerus by hulle kers opsteek. Hulle is ons STERRE en ek het groot bewondering vir hulle ingesteldheid van absolute respek. Hulle is hulpvaardig en ondersteun ons.
Ons beveel civvies aan, maak seker u kind het warm klere, toe skoene en geen sandale of oop skoene nie. Maskers te alle tye – u klasonderwyser sal die ander reëls oordra. Elke kind kry drie maskers en hoewel ons genoeg ontsmettingsmiddel, papierhanddoeke, toiletpapier, water en seep beskikbaar het, beveel ons die volgende aan:

- Minstens 4 herbruikbare maskers per dag, dit word elke 1 en 'n half uur omgeruil, wat asemhaling vergemaklik. Twee Ziploc-sakkies, een vir skoon maskers en een vir gebruikte maskers.
- 'n Gesigskerm om die neus en mond te bedek wanneer die kind die masker wil afhaal.
- Eie handreiniger op die lessenaar – moet gebruik word nadat hulle aan die masker ens. geraak het.
- Eie papierhanddoek en toiletpapier vir ekstra veiligheid.
- Genoeg skoon drinkwater, want vloeistof is belangrik.

'n Reëndag is 'n groot uitdaging. Gr 7 het 'n poncho vir reëndae voorgestel. Ons het 700 teen R20 elk gekoop en dit kan nou teen dieselfde prys by die skool aangekoop word. Vra net u klasonderwyser en stuur die R20 skool toe.
(Maskers met 3 filters kan ook teen R25 elk by die skool gekoop word).

Die eerste en belangrikste vaardigheid is om te oefen hoe om vinnig en veilig uit 'n voertuig te klim. Moet asseblief nie hardloop nie. U kind moet reeds sy/haar tas op die rug hê of moet dit vinnig kan aansit sonder dat Mamma of Pappa uit die voertuig klim. Sover moontlik alles in een tas. <u>Die wagwoord is: niks moet in die hande gedra word nie</u>. Beweeg na die sypaadjie, behou die sosiale afstand (rooi strepe en rooi stene is daar om te help) en gaan onmiddellik na die hek toe terwyl die sosiale afstand deurgaans gehandhaaf word (daar sal monitors buite aan diens wees).

Leerlinge moet vinnig na binne beweeg terwyl hulle die gekleurde merkers volg (geverfde stene). Ouers moet vinnig aflaai en onmiddellik vertrek, draai by die eerste straat regs. Geen parkering rondom die skool, langs die skoolheining, tussen 07:15 en 08:00 nie. Slegs die personeel se motors word aan die oostekant van die skool parkeer (tussen die hoofhek en hek 13).

Ons versoek ouers om tussen 07:15 en 08:00 die straat rondom die skool as ‘n eenrigtingstraat te beskou. Dit sal vir alle ouers voordelig wees. Dis noodsaaklik om so gou moontlik weg te beweeg, moet asseblief nie parkeer en gesels of tydsaam groet nie – dit veroorsaak verkeersprobleme. Help ons asseblief. U mag nie saam met u kind na die hek toe loop nie, want die sosiale afstand moet gehandhaaf word.

‘n Kaart wat u roete om die skool aandui, word ingesluit. Beplan u roete volgens ons versoek - almal sal daarby baat vind. Ons moet nou saamwerk, versoeke gehoorsaam en deel wees van die oplossing en nie die probleem nie.

Ontsmetting van skoene en hande en ‘n temperatuurtoets sal elke dag op pad klas toe plaasvind. U kind se klasonderwyser sal in die klas wag. U kind sal ‘n spesifieke lessenaar vir die dag gebruik.

Ons het ‘n “Afkoel”-area en ons sal u skakel indien ‘n kind gehaal moet word. Moet u kind asseblief nie skool toe stuur indien hy/sy siek is nie. Met siek bedoel ons enige vorm van griep, hoes, nies, liggaamspyn, maagaandoening – speel liewers veilig.

Agt hekke, met merkers (geverfde stene), word vir al die grade gebruik. Leerlinge mag slegs die spesifieke hek gebruik wat aan hulle toegeken is. Elke kind word eers getoets en op die lys afgemerk nadat al die vrae beantwoord is. Dit was ook een van twee probleme by ‘n paar Gr 7’s. Geen simptome beteken geen simptome – indien u kind in die nag siek was, moet hy/sy tuisbly.
Ouers moet die verantwoordelikheid aanvaar. Indien u kind nie gesond is nie, moet hy/sy liewer tuisbly totdat daar geen simptome meer is nie, sodat ander mense nie in gevaar gestel word nie. Onkunde is geen verskoning nie – ondersteun ons, asseblief. Die dag se werk sal ná skool op die Portaal beskikbaar wees.

Uiters belangrik
Ons draai altyd regs in Tulip- of Lilylaan (rondom die skool) en draai by die eerste straat regs. Dit sal verkeer beter laat vloei, want u sal vinnig weg beweeg. Meer as een kind? Geen probleem, laai die jongste altyd eerste af, ry tot by die volgende kind se hek tot almal afgelaai is en draai dan by die eerste straat regs. Moet asseblief nie kloksgewys om die skool ry nie. Maak seker dat u die kortste moontlike roete volg om u kind af te laai. U moet so min tyd as moontlik in die strate rondom die skool deurbring. Help ons asseblief, ons wil nie die owerhede vra om in te gryp nie. Die veiligheid van ons leerlinge is nou ons prioriteit.

Daar is meer as 50 merkers links en regs van elke hek, so u kind hoef nie reg by die hek afgelaai te word nie. Met vinnige toegang tot die hekke, sal daar geen probleme wees as ons saamwerk nie.

- Graad 1 is Rooi en hulle gebruik Hek 3.
- Graad 2 is Blou en hulle gebruik Hek 2.
- Graad 3 is Swart en hulle gebruik Hek 14.
- Graad 4 is Wit en hulle gebruik Hek 10A.
- Graad 5 is Groen en hulle gebruik Hek 8.
- Graad 6 is Geel en hulle gebruik Hek 6.
- Graad 7 is Bruin en hulle gebruik Hek 11A.

Volg die betrokke stene en elke graad sal tot by ‘n spesifieke ingang van die gebou gelei word.

Laai af en Ry!
U kind mag van 07:15 tot 08:00 naby die betrokke hek afgelaai word. Hiermee in gedagte, asook ter wille van ingange en klaskamers, het ons ‘n breedvoerige verkeersplan saamgestel. Indien ouers hierby hou, sal dit verkeer help vloei en u kind ondersteun. U mag dalk nie u gewone roete volg nie, maar dit is in almal se beste belang. Dit klink dalk ‘n bietjie militaristies, maar dit is die enigste manier om betroubare en maklike toegang vir almal te verseker.

Ons verkeersplanne is bedoel om veilige en maklike toegang te verseker. Alles in ag genome, sal dit ons leerlinge vinnig en veilig in die klas kry. Rondom die skool het ons rooi strepe 1,5 m apart op die sypaadjie geverf, en rooi stene 5 m apart geplaas waar daar nie ‘n sypaadjie is nie. Dit is om ‘n veilige stappaadjie rondom die skool te verseker. Die 1,5 m sosiale afstandreël is hier om te bly en u kind moet net die rooi bakstene of strepe tot by die hek volg en vandaar die graad se stene.

Graad 1 tot 3 gebruik hul eie klasse, asook twee Gr 7-klasse en die rekenaarlokale sodat ons aan die veiligheids- en gesondheidsregulasies vir 50% van leerlinge kan voldoen. Graad 4 tot 6 benodig egter 2 ekstra klasse per graad om aan die regulasies te voldoen. Met die ander Gr 7-klasse en laboratorium beskikbaar, kan ons 100% aan die regulasies voldoen.

Leerlinge word in verskillende klasse ingedeel en sal dalk elke dag by ‘n ander onderwyser wees – dit is alles deel van die nuwe normaal.
Graad 7 sal 5 dae per week skool gaan, want hulle moet gereed wees vir hoërskool. Die saal, sangklas, Strelitzia en gimnasium word hiervoor ingespan.

Graad 1 tot 6 sal op alternatiewe dae skoolgaan. Elke leerling sal ‘n spesifieke dag kry om skool toe te kom. Die name sal op ‘n lys wees en slegs leerlinge wie se name op die lys verskyn, sal op die spesifieke dag by die betrokke hek toegelaat word.

Haal en gaan!
Dieselfde hek word vir op- en aflaai gebruik. Parkeer eerder in die strate, nie langs die skoolheining of oorkant die skoolheining nie. Wees asseblief geduldig, verdraagsaam en ondersteunend. U mag nie op die sypaadjie by die rooi strepe of by die bakstene staan en wag nie. Dit is vir gebruik deur die leerlinge.

Ons sal die kinders in groepe laat uitkom om verkeersvloei te vergemaklik. Ons sal 15 minute toelaat en die proses sal gedurende die eerste week geëvalueer word. Geen parkering van Hek 2 tot 4 nie. Die sypaadjie moet vir gebruik deur leerlinge gereserveer word. Ons versoek dat parkering van Hek 4 tot 13 1,5 m van die heining moet wees, sodat leerlinge van steen tot steen kan beweeg.

Leerlinge sal buitentoe beweeg en by die rooi strepe of stene wag om gehaal te word. Stop langs u kind, hy of sy moet self aan die linkerkant in die voertuig klim. U draai dan by die eerste straat regs OF beweeg tot by die volgende optelpunt. Laat u kind na die ander kant van die voertuig skuif, sodat die volgende kind ook aan die linkerkant kan inklim. Wees asseblief veilig indien u aan die regterkant van die straat parkeer.

Ry asseblief stadig en wees op die uitkyk vir leerlinge. As gevolg van die sosiale afstand het ons geen wagarea-fasiliteit nie, die sypaadjie is die enigste beskikbare ruimte. Dit is noodsaaklik om u kind betyds te kom haal.

Indien ouers nie betyds is nie, sal die skool nie kan help nie, aangesien daar geen personeel beskikbaar is nie.

Einde van die dag
Graad 1 om 12:45
Graad 2 om 13:00
Graad 3 om 13:15
Graad 4 tot 7 om 13:30 – ons laat 30 minute toe

Alle onderwyspersoneel verlaat die skool binne 15 minute ná die kinders sodat ontsmetting kan begin.
Om dieselfde rede gaan die kantoorpersoneel om 14:00 huis toe. Neem asseblief kennis dat die skoonmaakpersoneel minstens 4 ure nodig het vir die was van lessenaars, stoombehandeling en skoonmaak van toilette.

Graad 7
Hulle kleur is Bruin.
Graad 7 Afrikaans gebruik Hek 16 .
Graad 7 Engels gebruik Hek 11A.

Graad 6
Hulle kleur is Geel.
Hulle gebruik Hek 6.

Graad 5
Hulle kleur is Groen.
Hulle gebruik Hek 8.

Graad 4
Hulle kleur is Wit.
Hulle gebruik Hek 10A.

Graad 3
Hulle kleur is Swart.
Hulle gebruik Hek 14.

Graad 2
Hulle kleur is Blou.
Hulle gebruik Hek 2.

Graad 1
Hulle kleur is Rooi.
Hulle gebruik Hek 3.

Ons moet almal help om 'n veilige en probleemvrye terugkeer te verseker. Laat u kind asseblief oefen om van rooi streep tot rooi streep OF steen tot steen te beweeg. Daar mag nooit twee mense tegelykertyd by een streep of steen wees nie.

Geen ouers word op die terrein toegelaat nie en geen besoeke aan die skool sonder 'n afspraak nie. Ons instruksie is ook om dit tot die noodsaaklike te beperk. U kan niks kom aflaai wat by die huis vergeet is nie en u mag nie u kind vroeg kom haal nie. Hou liewer u kind by die huis vir die dag indien daar 'n dokters- of tandartsafspraak ens. gedurende skoolure gereël is. Ons verkies kommunikasie via e-pos en gedurende skoolure is geen onderwyspersoneel beskikbaar nie.

U kan nie die dag wanneer u kind moet skool bywoon, verander nie. Indien u vergeet, is dit neusie verby. Ons tref slegs voorbereidings vir die leerlinge op ons lys en dit is ononderhandelbaar.

Ons personeel werk nou almal voltyds en daar is geen aflospersoneel nie. Dit is van die uiterste belang om al ons personeel gesond en veilig te hou. Indien ons dus ervaar dat 'n personeellid blootgestel was, sal die betrokke klas vir die dag moet tuis bly. Ons sal u so gou moontlik op hoogte bring.

Die Toekoms van Onderwys en COVID-19
Ons sal seker te doen kry met ouers, personeel en leerlinge wat in kontak was of positief toets. Ons sal dit volgens prosedure hanteer en ouers dienooreenkomstig inlig. Dit kan tot gevolg hê dat 'n klas, graad of onderwyser in self-isolasie moet gaan of dat die skool moet sluit. Ons sal dit hanteer en dit is nie iets om oor te kwel nie. Daar is geen stigma aan verbonde nie en niks om oor skaam te wees nie, dis 'n uitgemaakte saak dat dit sal gebeur, maar deur saam te werk kan ons die impak versag en die risiko kan minimaal wees. Om hierdie rede moet ons almal eerlik wees en die skool so spoedig moontlik in kennis stel deur 'n e-pos na info@sunridge.co.za te stuur. Hou 'n siek kind by die huis, hoe gering dit ook is, om die risiko te verminder.

Afstandonderrig sal steeds beskikbaar wees vir diegene wat deur die skool toestemming van die Departement verkry het. Vanaf 6 Julie 2020 sal dit egter nie bo-aan ons prioriteitslys wees nie, aangesien onderrig vir 80% tot 90% van leerlinge sal hervat. Die daaglikse werk sal op die Portaal wees en ons sal leerlinge na die beste van ons vermoë deur middel van afstandonderrig dien. Dit sal egter nie op dieselfde vlak as gedurende inperking wees nie.

Dit is onmoontlik om al die potte aan die kook te hou, aangesien personeel terug in die klas moet seker maak dat twee dae se werk daagliks in een dag gedoen word. Die druk is op ons personeel en om al ons leerlinge elke tweede dag terug te hê, is op sigself 'n uitdaging.

Indien die skool moet sluit, sal ons met afstandonderrig voortgaan tot ons kan heropen. Dit is ook 'n struikelblok wat ons sal moet hanteer en oorkom. Ons sal COVID-19 volgens protokolle bestuur, met advies van die Departement van Gesondheid en Onderwys.

Die Skoolbeheerliggaam ondersteun ons en is gereed om besluite in die beste belang van die skool te neem. Ek moet hulle vir hul volgehoue ondersteuning bedank. Aan ons personeel – dankie dat u die ekstra myl stap, en vir u begrip, ondersteuning en harde werk.
Ek bid vir die veiligheid van elke gesin, vir ons kinders en hul toekoms, vir ons skool om te begin en vir die onderwysers wat die pad vorentoe moet stap.

Welkom terug in 2020 waar die landskap nou anders lyk.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

# ROUTE AROUND THE SCHOOL
# ENTRY & EXITS GATES



## REFUND FOR MR & MISS SUNSHINE / APPEL

Parents who bought tickets for Mister and Miss Sunshine Jnr and Snr and/ or the Appel concert may send a photo of their tickets, together with their name, surname and banking details to ria@sunridge.co.za. Please also mention price of tickets and whether it was for an adult or child. Your money will be refunded in due course.

## TERUGBETALING VIR MNR. & MEJ. SONSKYN / APPEL

Ouers wat kaartjies vir Mnr. en Mej. Sonskyn Jnr. en Snr. en die Appelkonsert gekoop het, kan 'n foto van hul kaartjies, saam met naam, van en bankbesonderhede van ouers na ria@sunridge.co.za stuur. U moet asseblief ook noem wat die prys van die kaartjies was en of dit vir 'n volwassene of kind was. U geld sal later terugbetaal word.




MR & MISS SUNSHINE

Mrs Brown
2 Adult R 120
1 Children R60
Total paid: R180

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017







APPEL CONCERT

Mrs Smith
4 Tickets
Total paid: R600

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017

# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY
































# WOW! THANK YOU ~ BAIE DANKIE



The 2 items in the photos have been donated to the school by the community.

An electronic tap for hand sanitizing especially for the Foundation Phase and a walk through sanitizer for the school.

Die 2 artikels op die foto's is deur die gemeenskap aan die skool geskenk.

Dit is 'n elektroniese kraan vir handsanitasie vir ons Grondslagfase-leerlinge en 'n deurstap-saniteerder vir die skool.




**#HeyThanks**



